

7 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 11:5–12:16

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 12:14 (OAV)

## Suksesvolle mislukking!

Wanneer die Here jou lewe beoordeel, kyk hy “vlak” – na die sigbare dinge wat jy gedoen het. Maar Hy kyk ook diep – na die gesindheid van jou hart, na jou verhouding met Hom.

As jy “vlak” na koning Rehabeam se lewe kyk, was sy lewe ’n sukses. Hy het mooi dinge gedoen. Dadelik na sy troonsbestyging begin hy om die koninkryk van Juda militêr versterk (11:5, 11-12). Op godsdienstige gebied het hy die priesters en Leviëte wat en almal *wat hulle hart daarop gerig het om die HERE, die God van Israel te soek*, in Jerusalem ontvang (11:13-17). Hy het verder gesorg dat daar stabiliteit in die regering was (11:18-23). God se volk kon in veiligheid woon!

So kan ons “vlak” kyk na baie mooi dinge wat ons doen. Jy kan kyk na jou mooi betrokkenheid by jou medelidmate en jou gewilligheid om altyd te help waar hulp nodig is. Maar die vraag is: Kyk die Here net na die mooi dinge wat ons doen? Is sy beoordeling van ons lewens net op uiterlike dinge gegrond? Die Here het na alles gekyk wat Rehabeam gedoen het. Hy het al die mooi dinge op militêre, godsdienstige en politieke gebied gesien. En tog sê Hy: Rehabeam *het gedoen wat verkeerd was. Want hy het nie sy hart gerig om die HERE te soek nie!* Hy het begin om afgode te dien (1 Kon 14:22 ev). Rehabeam het die Here nie met sy hele hart gedien nie. Daarom was hy wel suksesvol – maar tog ’n mislukking! ’n Suksesvolle mislukking!

Wat sien die Here as Hy “vlak” en diep in jou lewe kyk? Is jou lewe – jou besig wees van elke dag; die manier waarop jy jou geloof uitleef – is dit ’n suksesvolle sukses? Of is dit dalk ’n suksesvolle mislukking? Jesus Christus het sy lewe gegee om jou van ’n mislukte lewe te bevry. Hy het nie net vir jou mislukkings, jou sonde betaal nie, maar ook die Heilige Gees gegee om jou elke dag te lei en te begelei. Volg elke dag die leiding van die Heilige Gees en gebruik die krag wat Hy uit genade aan jou gee om die Here van harte te dien. Dan sal jou lewe ’n suksesvolle sukses wees.

Sing: Psalm 138:1 (1936)

Ds AP Kruger (Welkom)